

18

GOD HOU ONS IN SY HART

Paulus preek oor die vergewing van sondes

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God ons vergewe en vir elkeen 'n spesifieke opdrag het.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- die Here aan Paulus 'n spesifieke opdrag gegee het.
- elke gelowige 'n opdrag het in God se koninkryk.

Gesindheid

- Die kinders moet bereid wees om vir God te werk.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die belangrikste dinge wat ons vir God moet doen, kan opnoem.
- van God se vergifnis kan vertel.

MEER INLIGTING (Handelinge 7: 54 – 8: 3; 9: 1-31 en 13: 1-3; 26: 5-18)

Saulus was 'n Jood en 'n Fariseër. Fariseërs moes al die Joodse godsdienstige wette ken en dit pligsgetroou nakom. Fariseërs het geglo dat jy jouself kan verlos deur die Joodse wette stiptelik na te kom. Volgens hulle is dit die enigste manier om gered te word. Terwyl Saulus nog 'n Fariseër was, het hy dit ook geglo. Hy het baie Christene gevange laat neem en wou Jesus se kerk uitroei. Op 'n keer was hy op pad Damaskus toe om weer eens Christene te vang en tronk toe te laat stuur.

Toe Jesus op die pad na Damaskus aan Saulus verskyn, het sy lewe dadelik verander. Hy het tot bekering gekom. God verander later Saulus, die vervolger van Christene, se naam na Paulus. Paulus word nou die suksesvolste verkondiger van die evangelie van Jesus Christus aan alle nasies. Hy het verkondig dat 'n mens alleen deur Jesus Christus verlos kan word.

In dit wat met Paulus gebeur het, sien ons dat Jesus nuwe mense van ons kan maak. As dit met jou gebeur, dink jy nie meer dat jy jouself kan verlos nie. Dan glo jy Jesus is jou enigste

Verlosser. Hy doen dit sonder dat ons dit verdien. Ons sê Hy het ons uit genade verlos. As jy dit glo, is jy 'n kind van God en gaan lewe jy ook tot eer van God.

Om kind van God te wees, beteken dat ons uit dankbaarheid vir sy verlossing doen wat Hy van ons vra. So staan ons in sy diens. Ons gaan ook soos Paulus aan almal vertel dat Jesus ons verlos het sonder dat ons dit verdien. Ons gaan met ons manier van lewe ook bewys dat ons dit glo. So gaan ons ook soos Paulus mense laat glo in Jesus as ons enigste Verlosser.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Prent van 'n rekenaar (minstens A4-grootte).
- Enige instrument wat koors meet.
- Prestik.

KOM ONS BEGIN

Vra een van die kinders om Gesang 293: 1 (gewysig) as gebed voor te lees.

*Jesus, neem ons kleine kinders
met u hart vol liefde aan;
niemand mag dit ooit verhinder
dat ons vry na U toe gaan.
Loof die Here, loof Hom almal!
Halleluja! Amen!*

HET HULLE ONTHOU?

Laat enkele kinders terugvoer gee oor waarop hulle gesin kan verbeter om hulle verhouding met die Here reg te maak. Laat hulle by verlede week se les kyk wat hulle geskryf het.

Vra die volgende vrae:

- Hoe moet jy lewe om belangrik genoeg vir die Here te wees? Soos 'n kindjie.
- Wanneer is jy in die Here se oë belangrik? As jou verhouding met Hom reg is en jy wys jy is van Hom afhanklik.
- Hoe lewe ons as ons verhouding met Hom reg is?
 - Wees dankbaar teenoor God vir alles.
 - Wees nederig, eerlik, toegewyd, liefdevol.
 - Ons moet selfrespek hê.
 - Ons moet ons liggaam mooi oppas deur netjies en skoon te wees.
 - Ons moet gesond eet en gereeld oefen.
 - Ons moet mooi praat en eerlik wees.
 - Ons moenie vloek, skinder of vulgêre praatjies maak nie.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Lees Handeling 9: 1-31 en sê hulle moet aandagtig luister want hulle gaan vrae moet beantwoord.

- Wat het met Saulus op die Damaskuspad gebeur?
- Hoe het Saulus gelewe voor hierdie gebeurtenis?
- Hoe het die Christene oor Saulus gedink?
- Wat het toe uiteindelik met die kerk gebeur? (Handeling 9: 31)

IETS INTERESSANT

Maak die inhoud van MEER INLIGTING jou eie. Gebruik dit en vertel hoe Saulus se gesindheid en lewe verander het. Vertel met die Skrifgedeeltes by MEER INLIGTING (Handeling 7: 54 – 8: 3; 9: 1-31 en 13: 1-3; 26: 5-18) in gedagte hoe die woord van God deur Paulus se sendingwerk verder uitgedra is, dat mense tot bekering gekom het en dat die kerk van Christus kon voortbestaan en groei.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende hoofpunte in:

- Saulus was 'n Fariseër.
- Fariseërs moes al die Joodse godsdienstige wette ken en dit pligsgetrou nakom.
- Volgens hulle is dit die enigste manier om gered te word.
- Die Bybel leer ons dat ons alleen deur Jesus Christus verlos kan word.
- Saulus wou Jesus se kerk uitroei.
- Op pad na Damaskus het Jesus vir Saulus tot bekering laat kom.
- God verander later Saulus se naam na Paulus.
- Paulus word die suksesvolste verkondiger van Jesus Christus se verlossing.
- Hy het verkondig dat 'n mens alleen deur Jesus Christus verlos kan word.
- Jesus verlos ons sonder dat ons dit verdien.
- Ons sê *Hy het ons uit genade verlos*.
- As jy dit glo, is jy 'n kind van God en gaan lewe jy ook tot eer van God.

IETS OM TE DOEN

- Wys vir die kinders die prent van die rekenaar. Plak nou die koorspen op die rekenaar op die prent vas. Wys die prentjie en vra wat dit beteken. Lei hulle om te sê die rekenaar is siek.
- Vra vir hulle of hulle kan dink wat met die rekenaar fout gegaan het. (Die kinders sal waarskynlik noem dat die rekenaar siek is of dat die rekenaar 'n virus opgedoen het.) Verduidelik dat virusse hulle op allerlei maniere in rekenars kan inwurm. Dit verlam 'n rekenaar sodat die rekenaar nie meer reg kan werk nie.
- Vra nou aan die kinders wat nodig is om so 'n siek rekenaar weer gesond te maak. Hulle sal waarskynlik kan noem dat die rekenaar 'n antivirusprogram (virusdokter) nodig het. Verduidelik dat hierdie virusdokter al die virusse wat ons rekenaar siek gemaak het uit ons rekenaar moet haal, of moet keer dat die rekenaar weer virusse optel.

- 'n Virus vernietig die rekenaar en maak dat die rekenaar nie reg kan werk nie. So is sonde in 'n mens se lewe. Dit maak ons lam en so siek dat ons nie soos kinders van God kan of wil lewe nie. Sonde vernietig 'n mens se lewe.
- Gelukkig het God ons baie lief. So lief dat ons vandag kon vra:


*Jesus, neem ons kleine kinders
met 'n hart vol liefde aan;
niemand mag dit ooit verhinder
dat ons vry na U toe gaan.*

- Vra wat gebeur as Jesus in 'n mens se lewe inkom. Laat hulle antwoord, en lei hulle na die regte antwoorde:
 - O Hy verander jou lewe.
 - O Hy is die groot Virusdokter en help jou om te lewe soos God wil hê.
 - O Saulus se lewe het verander toe God sy lewe op die pad na Damaskus aangeraak het. Toe kon hy nie anders nie, hy het gaan doen wat God van hom gevra het. Paulus, wat 'n vervolger van Christene was, het nou 'n volgeling van Jesus geword.
- Laat hulle die volgende instruksies volg en die teksverwysing ontdek wat hulle moet naslaan. Die teks bevat Jesus se antivirusprogram vir ons sondes.
- Laat hulle die teks opsoek in hulle Bybels en dit neerskryf.

Jesus se antivirusprogram

Instruksies

1. Trek 'n streep deur al die insekte in lyne 1, 5 en 7.
2. Trek 'n streep deur al die A's, B's, C's en D's in lyne 2, 3 en 4.
3. Trek 'n streep deur die kleure in lyne 2, 3 en 4.
4. Trek 'n streep deur elke tweede letter in lyn 6, asook die laaste 6 letters van lyn 6.



Jesus se antivirusprogram kom uit 1 Johannes 1: 9.

Laat hulle die teks neerskryf:

⁹Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis doen en leer:

DOEN

Laat hulle hulle ouers gaan vra om hulle te help om die betekenis van elke woord hieronder neer te skryf.

- Bely
- Getrou
- Regverdig
- Vergewe
- Reinig
- Geregtigheid

Laat hulle vir hulle maats gaan vertel dat Jesus al hulle en hulle maats se sonde vergewe het.

LEER

Laat hulle die volgende hoofpunte gaan leer:

- Saulus was op pad na *Damaskus* toe, toe *God* in sy lewe ingegryp het.
- Saulus se naam verander na *Paulus*.
- Na sy *bekering* het *Paulus* die evangelie na *baie lande* geneem en die *verlossing van Jesus* verkondig.
- Die *Fariseërs* glo dat jy gered sal word as jy al die *Joodse wette* getrou navolg.
- Saulus die *Fariseër* het die *Christene met geweld* vervolg.
- *Saulus die vervolger* word *Paulus* die verkondiger van *Jesus se evangelie*.
- *Paulus* verkondig dat die *enigste manier van redding* is om *in Jesus te glo*.
- *God* stuur hom na *heidene* regoor die wêreld.
- Wanneer jy *Jesus in jou lewe* toelaat, *behoort jy nie meer aan jouself nie, jy leef tot eer van God*.
- Ons moet *dankbaar* wees dat *God in ons lewe ingryp*.
- Wys jou *dankbaarheid* en vertel vir ander van *Jesus se liefde en genade*.
- Om die *sonde agter te laat*, sal vir jou *vreugde en vrede* bring.
- Ons moet in *diens van God en ons medemens lewe*.

AFSLUITING

Laat een van die kinders met Gesang 293: 2 en 3 (gewysig) as gebed afsluit.

*Jesus, hoor ons swak gebede
wáár ons ook op aarde gaan.
Dag of nag, ons weet verseker
dat ons nooit alleen sal staan.
Loof die Here, loof Hom altyd!
Halleluja! Amen!*

*Jesus, gee aan ons u seën,
lei ons op die regte pad.
En ons weet dat U ons liefhet:
U het self ons hand gevat.
Loof die Here, almal, altyd!
Halleluja! Amen!*